

Saterdag 13 April

Skrifgedeelte: Jeremia 23:1-8

Fokusgedeelte: Jeremia 23:5-6

Die Spruit van Dawid

Die profeet Jeremia tree op gedurende die jare 627-580 vC, net voor en net na die ballingskap van Juda in 586 vC. Hartseerdae vir die stamme Juda en Benjamin. Geweldige veranderinge vind plaas. Hier sien ons hoe die verskriklike spiraalgang van ondergang die moeras van die sonde binnetree wat eers in die Tienstammeryk plaasgevind het en nou ook kenmerkend van Juda geword het.

Jeremia se optrede begin in die dae van koning Josia as hy optree teen die onbekeerlike leefwyse van Juda. Ondanks koning Josia se pogings om 'n hervorming in die lewe van elkeen teweeg te bring, bly egbreuk, bedrog en onreg in hulle lewe hoogty vier. Die afdraendepad van die sonde na die afgrond van die ballingskap raak net steiler nadat Jojakim (in 608), Jojagin (in 597) en uiteindelik Sedekia (ook in 597) koning word. Hulle het God vergeet. Die ballingskap lê vir hulle onafwendbaar voor en breek aan, want die wêreldmagte storm op hulle af.

Vir baie is dit mooi en gerieflik dat die koning die HERE dien, maar om dit in jou eie lewe te doen, vra van jou verootmoediging en opoffering. En dit kan alleen gebeur wanneer die Heilige Gees jou deur die Woord oortuig van jou sonde en ellende. Om onder jou sondebesef jou berou uit te spreek en te midde van 'n Godlose samelewing om te draai van jou sondepad, vra van jou opregtheid deur die Heilige Gees.

Daarom is daar in die troostelose van ballingskap die troos dat daar by God redding is ondanks die afval waarvan die geskiedenis getuig, dat die uitkoms in God se hand is. Maar God se plan is volmaak en dit kan net deur sy almagtige ingrype gebeur. God doen dit deur terugkeer aan te kondig, maar die versoening tussen Hom en sy sondige volk as kerk van die Ou Testament kan net deur die Spruit van Dawid gebeur. Hy is die Messias, die regverdige Koning, die Vors wat vrede tussen God en sy kind bring. Hulle sal in veilige rus en volle saligheid leef. God se kind, vir ewig vry van die sonde en die dood, by Hom tot in ewigheid.

Sing: Psalm 23-1:1

Ds. SD de Kock (Vasie) (Emeritus)